STUDIEVELD A – DIE WONDER VAN KUNS

LES 1

Fokus:	Luister, lees, oordink en redeneer.
Nota:	Realistiese taal word gebruik om betekenis te skep, belangstellings aan te spreek en standpunte te bespreek.

1.1 Waaraan dink jy wanneer jy hierdie woord sien of hoor? Vertel wat in jou gedagtes plaasvind.

a) Skryf binne drie minute woorde wat met "**kuns**" **begin** sonder om in jou woordeboek te kyk. Tel na drie minute hoeveel woorde jy neergeskryf het.

b) Maak jou woordeboek by die woord "kuns" oop. Tel hoeveel donkerswart woorde vanaf "kuns" met hierdie woord begin. Hoeveel van dié woorde het jy neergeskryf?

c) Dink aan woorde wat met die woord "**kuns**" **eindig**, byvoorbeeld: skilderkuns, en skryf dit hier:

Blaai na die titelblad van hierdie ToetenTaal-boek. Watter woord wat op "kuns" eindig sien jy daar? Is dit een van die woorde wat jy neergeskryf het? Indien nie, voeg dit by. Voeg nog woorde by soos wat jy hulle deur die loop van die dag onthou.

1.2 Vertel wat jou indruk van die woord "**kuns**" **nou** is nadat jy die vorige oefening gedoen het. Het jou idee oor wat kuns is enigsins verander? Het jy nog altyd gedink dat kuns slegs te doen het met die skep van mooi goed op verskillende maniere?

a) Die woord "kuns" se betekenis word in die **HAT** (**H**andwoordeboek van die **A**frikaanse **T**aal) aangedui as 'n **vaardigheid** of 'n **bekwaamheid**, of as 'n **besondere slag** of **gawe** om **IETS te doen**. Daardie IETS wat met vaardigheid of 'n besondere gawe gedoen kan word, skuil in alle lewende organismes op aarde... ook in jou! Het jy al daardie IETS in jouself raakgesien of raakgevoel? Het iemand anders al vir jou gesê dat hulle dit in jou raaksien, maar eintlik glo jy hulle nie?

b) Hoeveel jaar gelede was dit die jaartal 1452? _____

Op 14 April van daardie jaar is daar 'n seuntjie in 'n baie klein dorpie in Italië gebore. Hierdie seuntjie was destyds ook maar, net soos jy nou is, 'n kind – 'n kind wat nes jy, 'n baba was wat geleer kruip, loop en praat het, maar anders as jy, nie die voordele van vandag se tegnologie gehad het nie. En tog, ten spyte daarvan dat hy ver van 'n groot stad en sonder die voordele van 'n moderne samelewing grootgeword het, het hy IETS gedoen wat mense vandag, ***eeue*** na sy tyd, steeds stomslaan en laat wonder: hoe het hy gewéét?

Eintlik moet 'n mens nie verbaas wees nie want daar was 'n ***vaardigheid*** of 'n ***bekwaamheid***, 'n ***besondere slag*** of ***gawe*** binne-in hom wat hom 'n verskeidenheid dinge laat doen het. Hierdie persoon se naam was: **Leonardo da Vinci**.

Trek kolomme in die blok hieronder en skryf in elke kolom 'n vraende voornaamwoord as opskrif. Luister daarna aandagtig terwyl iemand vir jou die volgende inligtingstuk lees. Skryf kort notas oor die kern en ondersteunende gedagtes in jou kolomme.

Leonardo

Ryk lewe van die universele genie

Hy het 'n paar eeue gelede die eerste lewenslig op die dorpie Vinci aanskou, aan die suidelike hange van Monte Albano, sowat 50 km wes van Florence in Italië. Wie sou toe kon dink dat Leonardo da Vinci nie net 'n groot legende van die kunste sou word nie, maar ook 'n vernuftige innoveerder wat sy naam sou verewig as een van die veelsydigste genieë van alle tye?

Die Italiaanse stede Florence en Milaan was die volwasse Leonardo se wêreld. Sy kindermilieu was egter die klein dorpie, Vinci. Dis dan ook hoekom da Vinci by sy naam gevoeg is. Leonardo is 14 April 1452 daar gebore.

Sy pa, Ser Piero, was 'n bekende Florentynse regsgeleerde en sy ma, Katharina, 'n arm boeremeisie. Sy was nooit met Ser Piero getroud nie, en gevolglik is Leonardo volgens die gebruike van sy tyd van haar weggeneem en deur sy pa se familie aangeneem. Hy het sy kinderdae op sy pa se landgoed naby Vinci deurgebring saam met sy grootouers en stiefma, Albiera Amadori, die vrou met wie Ser Piero kort ná Leonardo se geboorte getroud is.

Vir die Florentyne van die vyftiende eeu was opvoeding baie belangrik en sy pa het gesorg dat hy leer lees en skryf en ook 'n basiese kennis opdoen van Latyn en wiskunde. Hy het boonop musieklesse ontvang.

Dis nie seker wanneer sy merkwaardige kunstenaarstalent duidelik geword het nie, maar toe hy veertien was, het sy pa hom as vakleerling laat inskryf by Andrea Verrocchio, een van die mees gerespekteerde kunstenaars in Florence.

Florence, waar die beroemde Medici-familie geregeer het, was toe juis op die toppunt van sy roem. In hierdie jare het Leonardo se eerste beroemde skilderye ontstaan. Hy't in sy lewe nie waffers baie skilderye gemaak nie, en boonop heelparty daarvan nooit eens voltooi nie. In sy tweede Florentynse tydperk het Leonardo, benewens ander uitmuntende skilderye, sy beroemdste portret, die Mona Lisa, geskilder.

Hy het vier jaar daaraan gewerk en dit oral met hom saamgedra. Ná etlike eeue het die model se misterieuse glimlag, waarmee Leonardo glo lank gesukkel het, steeds 'n onweerstaanbare bekoring vir die mense van ons tyd.

'n Selfportret

Die Mona Lisa

Maar as merkwaardige innoveerder en briljante denker het die kunstenaar Leonardo da Vinci in meer as een opsig bokant sy tydgenote uitgetroon.

Eeue vooruit... Leonardo se sketse vir 'n soort "helikopter" en 'n industriële masjien:





In 1482, toe hy sowat dertig jaar oud was, het hy na Milaan verhuis waar hy sewentien jaar lank aan die hof van Ludovico Sforza, die hertog van Milaan, gewerk het. 'n Groot deel van Leonardo se tyd in Milaan is aan die ontwerp van krygstuig bestee. Boonop het hy ook sy ingenieurstalent ingespan om byvoorbeeld sentrale verhitting te ontwerp. Leonardo self het sy werk as ingenieur veel belangriker as sy kuns geag.

Die onvermoeide uitvinder het ook planne opgestel vir die wysiging van die loop van die Arnorivier van Florence en die bou van kanale wat dié rivier tot by die see bevaarbaar moes maak. Hierdie grootse projek kon egter eers eeue later, met die middele van die moderne ingenieurswese, aangepak word. Leonardo is op 2 Mei 1519 oorlede.

(*Met erkenning aan mieliestronk.com*)

- Lees vlugtig deur jou notas en kyk of dit wat jy neergeskryf het vir jou sin maak. Vra dat die gedeeltes waarvan jy nie seker is nie, weer vir jou gelees word en bring veranderinge aan.

- Gebruik jou notas om die verhaal van Leonardo da Vinci aan die persoon wat vir jou die inligting gelees het, te vertel.

- Vertel watter deel in die inligting oor Leonardo da Vinci jou die meeste beïndruk het en hoekom.

- Vertel wat jou idee van 'n genie is en wie volgens jou mening in vandag se tyd 'n genie is. Motiveer jou standpunt.

- Bespreek wat jy dink **lewenskuns** is. Dink jy Da Vinci het lewenskuns gehad? Hoekom dink jy so?

1.3 Lees die inligtingstuk oor Leonardo in 1.2 hardop asof dit 'n lesing is wat jy aanbied.

a) Dink 'n oomblik na oor wat jy onder die volgende verstaan. Doen naslaanwerk of vra raad indien daar gedeeltes is waaroor jy nie seker is nie. Skryf daarna elke punt neer en voeg die verklarings by.

*	die eerste lewenslig aanskou	*	groot legende van die kunste
*	vernuftige innoveerder	*	een van die veelsydigste genieë
*	jou naam verewig	*	kindermilieu
*	Florentyne van die 15e eeu	*	merkwaardige kunstenaarstalent
*	mees gerespekteerde kunstenaars	*	nie waffers baie skilderye gemaak
*	benewens ander uitmuntende skilderye	*	onweerstaanbare bekoring hê
*	ontwerp van krygstuig	*	onvermoeide uitvinder

b) NAVORSING:

Lees op die volgende bladsy wat geskiedkundiges oor Leonardo da Vinci geskryf het. Kyk spesifiek na die jaartal waarin hulle dit geskryf het en werk uit hoe lank terug hul opinies oor hom neergepen is. In watter jaar lees jy hierdie inligting? Is dit nie ***merkwaardig*** dat dieselfde bewondering vir Da Vinci vandag nog bestaan nie?

Teen die 19de eeu was nie slegs Leonardo se skilderye nie, maar ook die omvang van sy dagboeke bekend. ***Die Franse geskiedkundige Hippolyte Taine*** *skryf in 1866: "Daar is moontlik in die wêreld nie nog 'n*

voorbeeld van 'n ander genie so universeel nie, wat in dieselfde mate nie tot vervulling in staat is nie, so vol verlange na die oneindige is, so van nature verfyn is, so ver voor sy eie eeu en die volgende eeue is".

'n Standbeeld van Leonardo da Vinci buite die Uffizi-museum in Florence

*Die **bekende kunsgeskiedkundige Bernard Berenson** het in **1896** geskryf: "Leonardo is die een kunstenaar waarvan daar met perfekte letterlikheid gesê kan word: niks wat hy aanraak het nié in iets van ewige skoonheid verander nie. Of dit nou die kruisseksie van 'n skedel is, die struktuur van 'n bossie of 'n skets van spiere, hy, met sy gevoel vir lyn en vir lig en skadu, het dit vir ewig in lewe-kommunikerende waardes omgesit".*

Die belangstelling in Leonardo se werke duur steeds voort; geleerdes bestudeer en vertaal sy skrywes, analiseer sy skilderye met behulp van wetenskaplike tegnieke, argumenteer oor toeskrywings en soek na werke wat aangeteken, maar nooit gevind is nie.

*Die **kunsgeskiedkundige Liana Bortolon** het in **1967** geskryf: "Vanweë die menigte belangstellings wat hom aangespoor het om elke tak van kennis te volg... kan Leonardo, heeltemal tereg, beskou word as die universele genie by uitstek en met al die verontrustende bybetekenisse wat saam met daardie term gepaardgaan. Die mens staan vandag net so ongemaklik voor 'n genie as wat hy in die 16de eeu gestaan het".*

Vir meer inligting oor Da Vinci se skilderye, tekeninge en studies asook oor sy lewe as waarnemer, weten-skaplike en uitvinder, besoek: https://af.wikipedia.org/wiki/Leonardo_da_Vinci

(Met erkenning aan Wikipedia, die vrye ensiklopedie)

c) Skryf 'n **verhalende of 'n reflekterende opstel** oor Leonardo da Vinci se **dagboeke** nadat jy daaroor gelees het. Skryf jou opstel in die verlede tyd. Hou die volgende in gedagte:

Skryfproses ⇒	beplanning, konsep, hersiening, redigering, proeflees en die aanbieding van die finale konsep.
Woordkeuse ⇒	eie keurige woordeskat en nie dié van die webtuiste nie.
Persoonlike stem en styl ⇒	jou eie manier van skryf.
Toon ⇒	beskryf in 'n lewendige trant (nie as 'n langdradige feitelike voorlegging nie).
Kern en ondersteunende gedagtes ⇒	raamwerk vir beplanning.
Diagram ⇒	om idees te organiseer → chronologiese volgorde, gemaklike verloop.

Bied nou jou opstel aan deur dit vir jou gesin te lees en vra dat hulle na jou voorlesing kommentaar moet lewer. Bespreek die kommentaar en maak notas van hul opmerkings.

1.4 Lees die onderstaande koerantartikel eers saggies en daarna hardop. Dit het in *Rapport Weekliks van 12 Maart 2017* verskyn.

a) Hou die **tekssoort** (*satire) en die **doel** in gedagte. Fokus op die volgende **kenmerke** van die teks sodat jy die **boodskap** in die teks begryp. Vra jouself deurentyd af:

* Watter **verteller** is aan die woord (eerste- of derdepersoonverteller?)
* Wat is die **opskrif** en wat is die **onderskrif**? Is daar 'n **illustrasie**?
* Wat is die **toon, trant en styl** (is dit humoristies of satiries?)
* Word die verteller se **houding** teenoor die tema verklap?
* Is die **taalgebruik** kleurvol en toepaslik?

Hollywood is 'n perd van 'n ander kleur

1. Ek *love* 'n goeie *movie*. Elke keer wanneer ek *Bagdad Café* sien, wil ek met alle mag en krag op die stowwerige, verlate plekkie waar die fliek afspeel, gaan woon.
2. Ek verbeel my ek sal soos Jasmin net daar opdaag met 'n ***tas vol leë drome*** en deel word van die mistroostige eienares Brenda en haar kleurvolle maar eksentrieke familie.
3. Maak nie saak dat dit 'n ou vervalle motorhawe is met 'n klein eetplekkie met 'n stukkende koffiemasjien en 'n paar rondawels waar niks ooit gebeur nie.
4. ***Die manier waarop die verhaal vertel word, oorrompel jou*** en gee vir jou die gevoel dat dit die interessantste plek op aarde is.
5. Want dis wat 'n goeie fliek doen, dit ***smokkel met jou kop***. Nes *August: Osage County*. Geen normale mens sal deel wil wees van dié wanfunksionele familie nie, maar, en ek vermoed dis grootliks te danke aan Meryl Streep se ongelooflike toneelspel, jy is eintlik so 'n bietjie ***jaloers dat jou eie ma nie so 'n bietjie malkoppie is nie***.
6. En wat is beter as 'n ***tranetrekker*** soos *The Bridges of Madison County*, 'n hartstogtelike liefdesverhaal met 'n hartseer einde? Ek het só gehuil in daai fliek, ek dink ***'n paar aartjies het in my oë gebars***. Wanneer jy daar uitstap, voel jy sommer asof jy die ***wêreld weer in die oë kan kyk***, met geswolle oë natuurlik.
7. Of 'n fliek soos *Monsoon Wedding* wat ***jou laat lag tot jou maag pyn***? Nie alleen speel dit af teen 'n feestelike en kleurvolle Indiese agtergrond nie, maar die toneel waarin die troubeplanner ***van pure senuwees blomme begin eet***, is maklik die snaakste wat ek nog op die silwerdoek gesien het.
8. Dan is daar die fliek soos *Children of Heaven*, ***wat regtig aan jou hart vat***. Dié Irannese fliek gaan oor 'n jong seun en sy sussie wat 'n paar skoene moet deel omdat die een se skoene verlore geraak het. ***Jy is eenvoudig nie dieselfde mens*** nadat jy so 'n aangrypende **kunswerk** aanskou het nie.
9. So ja, ek is mal oor (sommige) flieks, maar Hollywood, ***Hollywood is 'n perd van 'n ander kleur***. Hoe werk dit byvoorbeeld dat iemand soos Dwayne Johnson, 'n gewese stoeier, ***miljoene meer verdien as 'n hartchirurg*** of die president van Amerika? En die manier waarop hierdie mense bewonder word, is geheel en al bisar.
10. Ek moet dus erken dat die groot Oscar-blaps ironies was, om die minste te sê. Op dié glansryke aand waar die sterre al snikkend vir mekaar vertel hoe wonderlik hulle is, word die prent *La La Land*, Hollywood se ode aan homself, per ongeluk as die beste fliek aangewys.
11. Dalk het ou Donald tog iewers by die agterdeur ingesluip.

b) Bestudeer die volgende uiteensetting van **BYWOORDE** totdat jy 'n goeie begrip daarvan het:

'n **Bywoord of adverbium** is 'n beskrywende woord wat 'n werkwoord, 'n hele sin, 'n byvoeglike naamwoord, 'n telwoord of 'n ander bywoord, beter laat lyk of laat uitstaan.

Dit verskaf meer inligting oor **plek, tyd, wyse** of **graad**. As 'n sin meer as een bywoord bevat, is die volgorde altyd: tyd, wyse en dan plek.

Voorbeelde van bywoorde is: hier, nou, opsetlik en daarom.

Bywoorde van plek

Toets met die vraag "**waar?**".

Voorbeelde:

- Dit reën *orals*. Dit reën *nêrens*. Reën dit *êrens*?
- Sy loop *buite*. Hy sit *binne*.
- Sy het *daarheen* gestap.

Bywoorde van graad

Toets met die vraag "**hoeveel/hoe erg?**".

Voorbeelde:

- Hy stap *uiters* stadig. Die renjaer jaag *verbysterend* vinnig.
- Hy het *byna* tien albasters. Sy het *so te sê* tien poppe.

Bywoorde van manier/wyse

Toets met die vraag "**hoe?**". Voorbeelde:

- Hy werk *sing-sing*. Sy stap *al singende* bank toe.
- Hy spring *hoog*. Die vliegtuig vlieg *onderstebo*.
- Die man het *hard* gelag. Sy het *saggies* gehuil.
- Sy praat *al te heerlik* oor die foon. Sy klets *opsetlik lank* oor die foon.
- Sy is *baie* oulik. Sy het *uitsonderlik* presteer.

Bywoorde van tyd

Toets met die vraag "**wanneer**?". Voorbeelde:

- Hy sal *netnou* uitkom. Die boek sal *eersdaags* arriveer.
- Ek lees *soms* 'n boek. Ons swem *dikwels* in die dam.
- Hulle speel *middae* saam. Draf julle *soggens*?
- *Gister* was Frank siek. Hy word *oormôre* geopereer.

Voornaamwoordelike bywoorde

Hierdie bywoorde bestaan uit ***twee ander bywoorde:*** 'n bywoord van **plek** en 'n **voorsetsel**bywoord. (*Voornaamwoordelike bywoorde vervang die kombinasie voorsetsel+naamwoord*):

Met hierdie pen → hiermee Met daardie motor → daarmee

Merk op dat die voorsetsel met deur sy voorsetselbywoord mee vervang word en dat die volgorde omgekeer word.

Agter die huis → daaragter Deur die heining → daardeur

Meestal is die voorsetsel en sy bywoord dieselfde.

(*Verwerk met erkenning aan: Wikipedia, die vrye ensiklopedie*)

c) Nou gaan jy die koerantartikel en die uiteensetting oor bywoorde bymekaar bring. Vir elkeen van die vyf opdragte hieronder, werk die elf paragrawe van die Hollywood-artikel een vir een deur soos 'n speurder wat na leidrade soek!

1. Skryf al die gedeeltes in die artikel wat aan jou toetsvraag "**waar**?" voldoen.
   Voorbeeld: paragraaf 2: net daar

2. Skryf al die gedeeltes in die artikel wat aan jou toetsvraag "**wanneer**?" voldoen.
   Voorbeeld: paragraaf 1: Elke keer

3. Skryf al die gedeeltes in die artikel wat aan jou toetsvraag "**hoe**?" voldoen.
   Voorbeeld: paragraaf 10: per ongeluk

4. Skryf al die gedeeltes in die artikel wat aan jou toetsvraag "**hoeveel/hoe erg**?" voldoen.
   Voorbeeld: paragraaf 1: met alle mag

5. Skryf al die gedeeltes in die artikel (indien enige) waarin 'n **voornaamwoordelike bywoord** verskyn. Hou die voorbeelde wat in 1-4 gegee is in gedagte deur kort-kort daarna te kyk.

1.
2.
3.
4.
5.

d)

ENKELVOUDIGE SIN	SAAMGESTELDE SIN
Skryf 'n voorbeeld van só 'n tipe sin en onthou dat dit uit 'n **onderwerp, 'n gesegde/werkwoord en 'n voorwerp** bestaan:	Skryf 'n voorbeeld van só 'n tipe sin en onthou dat dit uit **twee (en soms meer as twee) enkelvoudige sinne bestaan wat met 'n voegwoord verbind word**:
Is daar na jou mening so 'n tipe sin in die artikel? Motiveer jou antwoord. 'n Enkelvoudige sin kan egter ook uit net 'n onderwerp en 'n gesegde/werkwoord bestaan, bv. Ek weet.	Is daar volgens jou mening so 'n tipe sin in die artikel? Motiveer jou antwoord. Voorbeelde van **voegwoorde** sluit in: en; of; asof; maar; nog; dus; daarom; dat; terwyl; omdat; sodat; sedert; nadat; voordat; totdat; toe; sodra; as; soos; sonder; behalwe; hoewel; mits; tensy.

'n **BYSIN** is 'n sin wat deel uitmaak van 'n saamgestelde sin, maar is **nooit die hoofsin** nie.	
Voorbeeld 1	Voorbeeld 2
SIN 1: Ek weet. SIN 2: Hy het dit gedoen. **Saamgestel**: Ek weet dat hy dit gedoen het. **Sinsontleding**: Ek weet = hoofsin. dat hy dit gedoen het = bysin. Dié bysin verwys na 'n aksie en word daarom 'n **bywoordelike bysin** genoem.	SIN 1: Ek sien. SIN 2: Dit is 'n mooi skildery. **Saamgestel**: Ek sien dat dit 'n mooi skildery is. **Sinsontleding**: Ek sien = hoofsin. dat dit 'n mooi skildery is = bysin. Dié bysin verwys na 'n beskrywing van iets en word daarom 'n **byvoeglike bysin** genoem.

Lees weer paragraaf 8 van die koerantartikel. Daar is drie saamgestelde sinne in die paragraaf. Doen 'n sinsontleding van elkeen soos in die voorbeelde hierbo, en skryf dit op die volgende bladsy neer.

e) Skryf al die woorde wat groen gekleur is in die koerantartikel, ondermekaar neer. Skryf die opskrif SINONIEME regs daarvan. Dui vir elke woord wat jy neergeskryf het, 'n sinoniem onder die opskrif aan. Dit moet in die sin pas! Jou woordeboek / Thesaurus is in hierdie oefening jou beste vriend!

Skryf nou die volgende woorde ondermekaar (gebruik die volgende bladsy hiervoor). Skryf die opskrif ANTONIEME regs daarvan. Dui vir elke woord wat jy neergeskryf het, 'n antoniem wat jy in die artikel sal vind, aan. Omkring die woord in die artikel wanneer jy dit opspoor.

vertrek (weggaan)	kleurlose	verveligste
slegte	vrolike	huil
gevind word	alle	hedendaagse
verafsku	glanslose	voordeur

f) Verduidelik of die ***onderstreepte*** gedeeltes in die koerantartikel LETTERLIK of FIGUURLIK bedoel word. Gee telkens 'n rede vir jou verduideliking.

g) Lees die volgende paragraaf met aandag. Moenie nou na die koerantartikel kyk nie!

so ja ek is mal oor (sommige) flieks maar hollywood hollywood is 'n perd van 'n ander kleur hoe werk dit byvoorbeeld dat iemand soos dwayne johnson n gewese stoeier miljoene meer verdien as n hartchirurg of die president van amerika en die manier waarop hierdie mense bewonder word is geheel en al bisar

- Vertel wat volgens jou met die paragraaf fout is.
- Skryf die paragraaf soos wat jy dink dit behoort te lyk.
- Vergelyk jou skrywe met die paragraaf in die koerantartikel.
- Bring die nodige veranderinge met 'n gekleurde pen aan.

ALLES WAT JY IN 1.4 GEDOEN HET, WORD TAALKUNS GENOEM!

1.5 Die volgende aktiwiteit kan met verloop van tyd gedoen word. Lees enige jeugverhaal wat julle in die huis het. Bring 'n besoek aan die plaaslike biblioteek indien jy nie so 'n tipe storieboek het nie. Dalk is een van die volgende jeugverhale beskikbaar:



Amper Einstein

Christien Neser
Tafelberg, R130

Sic (Met erkenning aan www.sarie.com/lewe-liefdes/liefde-avontuur-en-hoop-vir-tieners/)

Leonard en sy vriende, Jarred, Hannelore en Greeff, is ingeskryf vir 'n brugboukompetisie. As hulle kan wen, kan Leonard die kans kry waarvan hy droom – 'n beurs na een van die goeie universiteite in Amerika toe. Maar die lewe is nie so ordelik soos wiskunde nie, ten minste nie vir Leonard se gesin nie. Wanneer sy jonger broer, Mischa, met Asperger-sindroom gediagnoseer word, begin Leonard uiteindelik sy klein Einstein-broer verander. Dit word 'n baie mooi storie oor die liefde tussen broers en hoe 'n 'freaky' gesin leer om met Aspergers saam te leef. Dan is daar natuurlik ook die onskuldige tienerliefde wat tussen Leonard en Hannelore wil kop uitsteek.



Agent Alex – Spioenkop Akademie

Justin Richards
Protea Boekhuis, R90

(Vertaal deur Carina Diedericks-Hugo)

(Met erkenning aan www.sarie.com/lewe-liefdes/liefde-avontuur-en-hoop-vir-tieners/

Alex en sy ouers trek na 'n nuwe buurt toe en so moet hy nou ook 'n nuwe skool kry. Hulle stuur hom na Spioenkop Akademie, maar besef nie hoe spesiaal dié skool is nie want Spioenkop Akademie is nie sommer 'n gewone skool nie – dis waarheen seuns en meisies gaan wie se ouers en voogde betrokke is by die Geheime Diens. Hier is die kinders veilig teen gevaar. En Alex is in ekstase, want hy doen baie goed by sy nuwe skool, veral in vakke soos Sabotasie en Kamoeflering en hy kry 'n klomp interessante nuwe vriende. Wanneer 'n belangrike satelliet van die Geheime Diens verdwyn, moet die leerders van Spioenkop Akademie seker maak hulle kry dié bate voor die skelms! Die storie is propvol staaltjies en avontuur wat jong mense sal laat skater én hul naels sal laat kou!

a) Trek nege blokke (soos hieronder) op die volgende bladsy. Gebruik die hele bladsy hiervoor.

* Skryf die 9 opskrifte aan die bokant van elke blok.
* Skryf notas oor die jeugverhaal wat jy gelees het onder elke opskrif (los eers die opsomming uit).
* Gebruik die notas om die verhaal aan jou gesin te vertel.

KARAKTER: (wie)	**KARAKTERISERING:** (hoe uitgebeeld)	**INTRIGE:** (knoop in verhaal)	**KONFLIK:** (botsing tussen karakters)
AGTERGROND: (vooraf gebeure)	**RUIMTE:** (waar?)	**TEMA:** (boodskap)	**VERTELLER:** (1ste of 3de persoonverteller)
OPSOMMING:			

b) Beantwoord die volgende vrae mondeling:

1. Wat is'n titelblad? Wat sien jy op die titelblad van jou jeugverhaal?
2. Wat is 'n omslag? Beskryf jou jeugverhaal se omslag indien daar een is.
3. Wat is die flapteks van jou jeugverhaal? Wat sien jy daar (indien jou boek so iets het)?
4. Beskryf wat jy in die inhoudsopgawe sien.
5. Hoeveel hoofstukke is in jou jeugverhaal?
6. Sommige boeke bevat 'n woordelys, indeks, bylae en voetnotas. Het jou jeugverhaal hiervan?
7. Wat sal jy sê is die doel van hierdie vier afdelings (titelblad; omslag; flapteks; inhoudsopgawe)?
8. Verduidelik elkeen van die afdelings aan die hand van jou woordeboek.

c) Som kortliks (in een paragraaf) die **boodskap** van jou jeugverhaal op. Gebruik die laaste blok wat jy getrek het hiervoor.

LES 2

Fokus:	Woordkuns in aksie.
Nota:	Taalvaardighede verbeter basiese interpersoonlike kommunikasie vir sosiale sowel as akademiese situasies.

2.1 Wie of wat het die trefkrag van 'n...



a) Vluglees die leesstuk eers in 'n fluisterstem en lees dit daarna hardop.

As iemand vir Werner van Schalkwyk, voorsitter van die ATKV-jeugtak Jonge Bomme, vra in watter land hy eerder as Suid-Afrika sal wil bly, kom sy antwoord 'n bietjie as 'n skok. "As ek in enige ander land as Suid-Afrika moet bly, wil ek eerder doodgaan." Werner, 'n graad 10-leerder aan die Hoërskool Hugenote in Springs, is sedert 2015 voorsitter van hierdie ATKV-jeugtak.

Een ding is seker: dié jongman wat daarvan droom om 'n politikus te word is nie op sy mond geval nie. "Ek staan elke week voor die skool en vertel vir almal van ons ATKV-tak. Van die rugbykinders dink mos as hulle die naam, ATKV, hoor, hulle moet 'n praatjie opsê. En dis glad nie so nie.

Ons kom as 'n span bymekaar om 'n verskil te maak." Die tak wat uit 70 lede bestaan, bied ook 'n Oscar-aand aan wanneer leerders in die area wat die tak bedien, vereer word as hulle puik in ATKV-projekte presteer het. "Dis 'n rooitapytgeleentheid."

Die naam, Jonge Bomme, verwys na 'n bomontploffing en die trefkrag wat dit het. "Ons wil 'n verskil maak, trefkrag hê en ons betrek die hele skool." Saam met sy werk as voorsitter van die ATKV-jeugtak, is Werner 'n kultuurdier. "Vra my eerder wat ek nié doen nie as dit by kultuur kom, dis makliker. Alles waaraan 'n mens kan dink, neem ek aan deel. Ek dink dis my plig as voorsitter van die Jonge Bomme-jeugtak."

"Ek is in graad 8 en graad 9 as die skool se kultuurster aangewys en wanneer ek my kop op 'n ding sit, laat los ek nie sommer nie. Ek gaan nie die jaar my beker sommer net vir iemand anders weggee nie."

(verkort)

sic (Met erkenning aan die ATKV tydskrif, TAALGENOOT, HERFS 2017)

SIN 1: Werner sê: "Ek staan elke week voor die skool en vertel vir almal van ons ATKV-tak."

SIN 2: Daarna sê hy dat van die rugbykinders, as hulle die naam, ATKV hoor, mos dink dat hulle 'n praatjie moet opsê.

1. Watter sin is in die **DIREKTE REDE** en watter een in die **INDIREKTE REDE** geskryf? Verduidelik mondeling hoekom jy so sê.

2. Vertel wat jou indruk van die graad 10-leerder is. Watter deel (of dele) van die vertelling het 'n indruk op jou gemaak en watter deel (of dele) het nie?

3. Bespreek hoe Werner se belangstellings en jou belangstellings ooreenstem of verskil.

4. Dink jy Werner hou daarvan om mondelinge aanbiedinge (toesprake) voor mense te doen en wat dink jy van sy taalgebruik? Hoekom sê jy so?

b) Het jy al na 'n bekende persoon of enigiemand anders se toespraak geluister?
Weet jy wie en wat die persoon in die illustrasie is en het jy al hierdie woorde van hom gehoor?
Vertaal die gedeelte van sy toespraak skriftelik losweg in Afrikaans en vertel wat jy daarvan verstaan.



Illustrasie: Google

1. Hoe berei 'n spreker vir 'n mondelinge aanbieding voor? Kyk na die illustrasies hieronder en vertel hoe jy dink 'n mens vir 'n toespraak voorberei.
   Besoek dan die webtuiste https://www.youtube.com/watch?v=e_bsgJ0pydY om na 'n paar wenke asook 'n voorbeeld van 'n toespraak te kyk.

Illustrasies: Google

2. Lees die volgende toespraak asof dit jóú toespraak is. Let op na die **leestekens** en gebruik hulle in jou stemtoon.

*Aan almal wat by **W**oorde **O**pen **W**êrelde (**WOW**) betrokke is, baie geluk!*
*Tien jaar is 'n groot mylpaal. En laat ek sommer dadelik byvoeg, julle het die lekkerste naam ooit... **WOW**! Kyk, mens kan nie anders as om beïndruk te wees met hierdie taalbemagtigingsinisiatief nie. Julle bereik soveel mense – veral jongmense – op soveel plekke, met soveel verskillende aksies... dis fantasties! En julle doen presies wat julle sê: julle maak vir mense nuwe wêrelde oop... met woorde. Ek sê altyd, talent is eweredig versprei in die samelewing, maar nie geleenthede nie.*
*Wat die **WOW**-program doen, is om meer kinders die kans te gee om met hul talente te woeker. Of jy 'n aanleg vir tale het, of vir wiskunde of musiek of motors, as jy êrens in die lewe wil kom, gaan jy moet helder dink en raakvat en jouself goed uitdruk. Daarvoor het jy woorde nodig, en jy gaan hulle behendig moet gebruik.*
*Dít is waar **WOW** inpas. Dis 'n baie eenvoudige idee, maar een met groot impak! Dit sien mens aan die talle suksesverhale van jongmense wat deur julle geleenthede gekry het, en toe op universiteit en in die beroepswêreld uitgeblink het. Die werk wat julle doen, skep hoop. Julle bemagtig jongmense om die toekoms vir hulself toe te eien. Daarvan getuig jul werwingsaksies, en jul beursprogram.*
*Dit is dan ook hoekom **WOW** deel uitmaak van die Universiteit Stellenbosch se HOOP Projek, waarmee ons die groot uitdagings in ons samelewing takel – in ons navorsing, in ons leer en onderrig, en in ons gemeenskapsinteraksie. Hierdie Universiteit staan vir uitnemendheid én relevansie, en **WOW** help ons hierdie doelwitte uitleef.*
*Die Universiteit se Visie 2030 is om denkleiers vir die toekoms op te lei. Danksy **W**oorde **O**pen **W**êrelde is dié taak reeds half gewonne. Dankie aan almal by die Universiteit wat **WOW** institusioneel steun, veral die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe, die Departement Afrikaans en Nederlands, en natuurlik die US Woordfees.*

*Baie dankie ook aan al die borge en skenkers en vriende en vennote wat **WOW** se werksaamhede moontlik maak. Ons sou dit nie sonder julle kon gedoen het nie. Aan die **WOW**-span, weereens baie geluk, en sterkte vir die volgende 10 jaar... en nog veel meer. Julle maak inderdaad van letterkunde "LEKKERkunde"!*

(Met erkenning aan http://www.sun.ac.za/afrikaans/management/rector/in-die-openbare-oog/speeches)

Die geleentheid was die viering van **Woorde Open Wêrelde (WOW)** se tiende bestaansjaar wat op 26 November 2013 plaasgevind het. 'n Boodskap van gelukwense is deur die destydse prof H. Russel Botman (nou oorlede), rektor en visekanselier van die Universiteit Stellenbosch, gelewer. Besoek die volgende webtuiste om na die voorafopgeneemde videoboodskap van prof. H. Russel Botman te kyk en te luister: https://www.youtube.com/watch?v=3P43Kej1N9g&feature=youtu.be

4. Watter van die drie vorige sprekers se woordkuns of **taalgebruik en manier** van aanbieding het jy die meeste **geniet**? Verduidelik wat vir jou lekker daaraan was om te luister en te kyk.

   Watter van die drie sprekers se **boodskap** het die **grootste indruk** op jou gemaak (al het jy die manier van praat dalk nie geniet nie). Hoekom sê jy so?

   Watter van die sprekers het volgens jou waarneming, **manipulerende of oorredende taal** gebruik asof hulle die kyker of die toehoorder wou **oorreed** van hul standpunte? Verduidelik jou gevoel deur middel van voorbeelde uit die toesprake.

5. **WAT** sal jy sê was elke spreker se **DOEL** met die toespraak?
   WIE was elke spreker se **TEIKENGROEP**?

SPREKER	DOEL	TEIKENGROEP

c) Wanneer 'n mens vir 'n mondelinge aanbieding voorberei is daar 'n paar **KENMERKE** om in gedagte te hou. Jy sal hierdie kenmerke later in die les benodig. ***ONTHOU*** **KOIBIA** – die eerste letter van elke kenmerk.

Kies 'n gepaste onderwerp
Organiseer alle inligting samehangend
Identifiseer die korrekte woordeskat en taalstrukture
Berei 'n effektiewe inleiding en einde voor
Inoefening
Aanbiedingstegniek

2.2 **WOORDKUNS** en **SKILDERKUNS** loop dikwels hand aan hand. Kom ons kyk hoe taal en beelde mense se waardes en houdings vorm en weerspieël.

Lees die volgende aanbieding aandagtig met pen en liniaal byderhand. Onderstreep woorde wat vir jou uitstaan (soos samestellings, verkleinwoorde, byvoeglike naamwoorde, bywoorde en voorsetsels).

Daar is niks op hierdie planeet wat so mooi is soos 'n laatmiddagdonderstorm in die Kalahari nie. Geen pen kan dit beskryf en geen kwas kan dit vaslê nie!

Daar is drie maniere van reis. Een is met 'n notaboek en kamera, die ander met 'n sketsboek of kamera en die derde, een waar mens albei boeke gryp en die kamera heeltemal vergeet.

Gee my die woestyne. Die Namib met sy skoon lyne, die skulptuur en die dimensies, die aardse kleure. Kaokoland, Damaraland en die Richtersveld met hul kleurkombinasies, teksture en komposisies.

Dan het ek ook 'n ding vir rotse. My Tswana-naam is nie verniet 'Mmamafika' – vrou van rotse – nie. By Kubu in die Makgadikgadi, Tsodilo-heuwels in die noorde van Botswana en by Spitskoppe in Namibië "praat" die woestyngeeste met my.

Wanneer ek skryf, skiet my woorde vér te kort om te beskryf wat ek waarneem en beleef op sekere plekke – plekke wat my sprakeloos laat in ontsag en eerbied vir die grootsheid van die skepping. 'n Gevoel wat ek net in die eensaamheid en stilte van die woestyn ervaar. Wanneer ek skilder, kan ek baie meer van hierdie gevoel uitbeeld, maar gewoonlik is daar nie baie mense wat dit kan waardeer nie.

Ek onderneem graag reise na Botswana waar die plek van kleintyd af al deur my are pols. Waar ek die mense en die atmosfeer ingeadem het. Saam met die kennis wat my waardering gegee het vir die kulture en die natuur van die groot en ryk Kalahari. Dan gryp ek na my notaboek. Wanneer ek dié reise onderneem gaan ek nie na die bekende toerismebestemmings nie. Ek ken die plek beter as my eie werf en ek weet waar my vriende in die bos bly. Dan gaan soek ek hulle op en ons lag en gesels uitbundig. Ons vertel onthoustories en mitiese stories. Dit dokumenteer ek.

So met my reis kry ek 'n sekere draaitjie in die tweespoor-sandpaadjie doer diep in die Sentraal, sekere pannetjies of 'n groepie doringbome op 'n wye oop vlakte wat ervarings oproep. Plekke waar vandag se vreemdelinge in konvooie 4x4's verbystof en geen benul het van my en almal se spore wat al lankal daar lê nie. En ook nie van al die stories wat daar rondloop nie. Alles op die "hardeskyf" onder my grys hare gestoor.

Dit skryf ek. Sketsplekke soos Twyfelfontein in Namibië en minder bekende plekke in die Noord-Kaap soos Driekopseiland, Katlani en Kinderdam. In Botswana is daar plekke soos Metsing en Kopong en in die Richtersveld waar rotsgravures in die son gestrooi lê. Stille getuies van oermense se teenwoordigheid, mense wat vir ons boodskappe uitgebeitel het waarvan ons nie eens bewus is in ons gejaagde lewens nie. Dit dokumenteer ek. Later verwerk ek dit en gebruik dit in my skilderye.
Enige reis móét vir my ook 'n geestelike ervaring wees; 'n leerproses, 'n sielsverryking en bron van inspirasie, anders kan ek maar net sowel by die huis bly.
Net 'n donderstorm in die Kalahari kon ek nog nooit op die een of ander wyse vasvang nie, maar daarvoor sal ek keer op keer teruggaan. Dit sal kom.
(verkort)

(*Met erkenning aan die tydskrif WEGBREEK, MAART 2007*)

2.3. Beantwoord die vrae:

a) Watter **samestellings** in die vertelling word in die plek van die volgende **omskrywings** gebruik? Omkring die samestellings wat jy dalk reeds ook in die vertelling onderstreep het.

1. Mense wat met verf en kwas die natuur uitbeeld. _____
2. Dinge wat gemaak word wat met kuns te doen het. _____
3. Onweer met reën en weerlig om en by 17:00 se kant. _____
4. 'n Samevoeging van die reënboog se strepe wat by mekaar pas. _____
5. "Spoke" wat in 'n sanderige gebied is. _____
6. Plekke waar mense wat daarheen toer, betaal om te bly. _____
7. Verhale oor herinneringe van lank terug wat vertel word. _____
8. 'n Kleinerige pad in die sand wat deur motors uitgery is. _____
9. Plekke waarheen 'n boek geneem word sodat hulle geteken kan word. _____
10. Afdrukke van groot klippe. _____

b) Watter woordsoort is geel gekleur in die vertelling? _____
Indien jy woorde onderstreep het wat naby / langs hierdie geelgekleurde woorde is, omkring dit.

c) Besprekingspunte:

1. Lees die vertelling vir jou gesin. Bespreek hoe **taal en beelde** die verteller se **waardes** en **houding** ten opsigte van die natuur weerspieël en hoe dit daardeur gevorm is.
2. Bespreek wat julle dink sy bedoel met "**...maar gewoonlik is daar nie baie mense wat dit kan waardeer nie.**"

d) Vertel watter woordsoort is die heldergekleurde woorde in die volgende sinne. Indien jy woorde soos hierdie in die vertelling onderstreep het, omkring hulle.

1. My woorde skiet vér te kort.
2. Ek kan baie meer met 'n skildery uitbeeld.
3. Daar is gewoonlik nie baie mense wat dit kan waardeer nie.
4. Ek onderneem graag dikwels reise na Botswana.
5. Ons lag en gesels uitbundig.
6. Hier word mitiese stories vertel.
7. Daar is minder bekende plekke.
8. Ons is nie in ons gejaagde lewens bewus daarvan nie.
9. Dit moet vir my 'n geestelike ervaring wees.
10. Die bokke staan in 'n groepie onder die doringbome.

2.4 Vertel wat jy van die volgende twee stellings dink:

Om te **skilder sonder verf** en om te **skryf sonder woorde** is ondenkbaar.

Om 'n geskrewe stuk werk deur middel van **woorde te skilder**, is woordkuns.

a) Een van die woordkwaste wat 'n mens kan gebruik om 'n geskrewe stuk d.m.v. woorde te skilder is:

INTENSIEWE VORME

Intensiewe vorme / intensiewe adjektiewe is byvoeglike naamwoorde in die versterkende graad. Dit word gebruik om 'n sin trefkrag te gee en die taal op te kikker. 'n Voorbeeld hiervan is brandarm, wat baie arm beteken. In Afrikaans word intensiewe vorme altyd vas (as een woord) geskryf, behalwe by wawyd oop en nugter wakker.

Intensiewe vorme word dikwels gevorm deur die volgende konstruksies:

Kombinasies van Woordsoorte	Voorbeelde		
Byvoeglike naamwoord (b.nw.) + byvoeglike naamwoord (b.nw.)	blink+nuut	blink+vet	dol+bly
Selfstandige naamwoord (s.nw.) + byvoeglike naamwoord (b.nw.)	knie+diep koeël+rond as+vaal	toring+hoog glas+helder kool+swart	fluweel+sag snaar+styf brood+nodig
Werkwoord (ww.) + byvoeglike naamwoord (b.nw.)	skreeu+pers stik+warm	skok+pienk gloei+warm	troetel+sag

Intensiewe vorme het **normaalweg geen graadtrappe** nie (bv. beeldskoon) maar daar is 'n paar uitsonderings waar die stellende en die oortreffende trap van die woord wel voorkom (en gewoonlik nie die vergelykende trap nie):

STELLENDE TRAP (intensiewe vorm)	VERGELYKENDE TRAP	OORTREFFENDE TRAP
beeldskoon	beeldskoner ✗	beeldskoonste ✗
plankdun	plankdunner ✗	plankdunste ✓
spierwit	spierwitter ✗	spierwitste ✓
stokoud	stokouer ✗	stokoudste ✓
pikswart	pikswarter ✗	pikswartste ✓
horingoud	horingouer ✗	horingoudste ✓
goudgeel	goudgeler ✗	goudgeelste ✓

Gedeeltelike herhaling is ook moontlik, solank 'n koppelteken gebruik word, byvoorbeeld:

Hy is *hond-**hond***mak.

Die grond is *klip-**klip***hard.

Die sakeman is *skat-**skat***ryk.

Voorbeelde van intensiewe vorme:

arm – brandarm	**alleen** – stokalleen, sielalleen	**agteroor** – regagteroor
belangrik – lewensbelangrik	**bekend** – wêreldbekend	**bleek** – doodsbleek, wasbleek
droog - kurkdroog	**donker** – pikdonker	**duur** – peperduur, bitterduur
eenvoudig – doodeenvoudig	**eie –** bloedeie	**ernstig** - doodernstig
flou – stokflou	**fris** (gesond) – perdfris	**fyn** – haarfyn, ragfyn
geel – goudgeel, kerriegeel	**gek** – stapelgek	**gereed** – slaggereed
honger – skreeuhonger	**hoog** – hemelhoog	**helder** – glas- of klokhelder
kwaad – smoorkwaad	**lam** – boeglam	**kwaad** – smoorkwaad
mak – hondmak	**netjies** – kraaknetjies	**mak** – hondmak
oop – wawyd oop	**oranje** - skeloranje	**onnosel** - stomonnosel
regop – penregop	**reguit** – pylreguit	**sag** - satynsag
skerp – vlymskerp	**snaaks** – skreeusnaaks	**toe** – bottoe

Hierdie is slegs enkele voorbeelde van byvoeglike naamwoorde en hul intensiewe vorme. 'n Volledige en uitgebreide lys van intensiewe vorme is op Wikipedia beskikbaar.

(*Met erkenning aan: Wikipedia, die vrye ensiklopedie*)

2.5 Gebruik die vertelling by les 2.2 om die volgende te doen:

a) Lees die woorde wat in die vertelling onderstreep is, hardop.

b) Skryf hulle ondermekaar. Regs daarvan skryf jy die intensiewe vorme van hierdie woorde. Wikipedia of jou woordeboek sal jou behulpsaam wees om dit op te kan spoor.

c) Watter van die intensiewe vorme sal jy in die plek van die onderstreepte woorde kan gebruik? Omkring hulle.

d) Verduidelik hoekom nie al die onderstreepte woorde met intensiewe vorme vervang kan word nie.

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

2.6 Skryf 'n mondelinge aanbieding (toespraak) oor een van die volgende:

- Die rol wat die jeug in die samelewing kan speel.
- Waardes en houding word deur taal en beelde gevorm.

Bied jou toespraak aan.

WENKE:

- Kyk weer na die **kenmerke**.
- Fokus op die stappe van die **skryfproses**.
- Identifiseer jou **teikengehoor** (aan wie wil jy die spesifieke boodskap oordra).
- Besluit op **styl** – formeel en op die man af / gemaklik en informeel.
  doel – wat wil jy met jou toespraak bereik?
  formaat – gaan jy emotiewe en manipulerende taal gebruik vir oorreding?
- Gebruik **gepaste woorde** (hoogdrawende taal is nie nodig nie. Gesels).
- Fokus op 'n **treffende inleiding** wat trefkrag het en aandag sal prikkel; **eindig** op 'n **hoogtepunt**.
- Sluit 'n **gevolgtrekking** in die afsluiting in.